WEEK 38 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN ‘N VORIGE VRYPOS

GEMEENTENUUS

NG Rietfontein, Winburg
Hengelkompetisie
15 Desember 2018

Plek: Grootfontein, Winburg (Siegfried se plek)
Koste: R200 per hengelaar vir twee stokke

Kontakte: Wimpie Hamman, 082 872 4236
Siegfried Appel, 082 575 5888

‘n Kafee sal op die perseel beskikbaar wees

Daar is fantastiese pryse op die spel!

Grootste Karp - 1 Blesbok te jag
Grootste Baber - 1 Springbok te jag
Grootste Moddervis - 1 Skaap
Grootste Geelvis - Naweek by Grootfontein
Swaarste sak - Naweek by Boschrand Lodge Boskamp
Ook vele troospryse

NG Jacobsdal:

Save the date

‘n Eeufees-geleentheid:

ALGEMENE INLIGTING

Week van Gebed 2019: Die **Week van Gebed 2019**, se materiaal kan op die CLF-webtuiste (onder *Resources*), afgelaai word, klik **hier**. Die **tema** is, ***Die priesterskap van Christus se kerk in 'n tyd soos hierdie.***

Bybel-Media en NG Witrivier bied 'n landswye 40-dae veldtog oor HOOP aan: Dit behels

- Riglyne vir kleingroepleiers en kleingroepe.
- Ses preke oor hoop wat by die kleingroeptema's pas (GRATIS).
- 'n Spesiale nuwe lied wat oor HOOP geskryf is.
- Riglyne hoe om 'n veldtog te organiseer.
- Riglyne hoe om kleingroepleiers toe te rus.

Gemeentes wat aan hierdie veldtog wil deelneem moet ds Jurgens de Jager se selnr, 079 292 9545 op 'n selfoon registreer, hy stuur dan bykomende materiaal aan deelnemende gemeentes - kontak hom ook by **dsjurgens@ngwitrivier.co.za.** Die **gesamentlike afskop gebeur op 27 Januarie 2019**, alle gemeentes word genooi om hiervan deel te wees.

Die volgende leierskaps- en gespreksgids @ R30 elk, kan vanaf Desember 2018 **hier** bestel word:



Jaarboek 2019 Bestelvorm: **Gemeentes/belangstellendes moet asseblief kennis neem** dat ***julle sélf verantwoordelik is om die Jaarboek 2019 by Bybel-Media Handel te bestel*** - klik **hier** vir die bestelvorm. Die Jaarboek van die NG Kerke 2019, verskaf al langer as 160 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate. ***Die goeie nuus is dat BM vanjaar 3%-korting gee, indien gemeentes/belangstellendes vóór 1 Desember 2018 hulle bestelling plaas en ten volle betaal!***

Eerstejaarskampe: **Gemeentes word versoek** om hierdie inligting aan hulle voornemende 1ste-jaar studente te kommunikeer:

Kougom-kamp 2019 (UV) vir 1ste-jaars: Voornemende studente aan die Universiteit van die Vrystaat, kan gerus daaraan dink om hierdie kamp wat vanaf **20 - 24 Januarie 2019** deur die Studentekerk aangebied word, by te woon ***(gemeentes moet asseblief die inligting aan die jongmense oordra)***. Die tema is ***BloemfonTREIN*** - *Ons glo dat jy altyd êrens heen oppad is… God ontmoet ons op hierdie nuwe reis en daag ons uit oor waarheen ons nou eintlik oppad is.* **Klik op die biljet links** vir meer **inligting - klik hier vir die inskrywingsvorm.**



Die **Wes-Kaap se kamp**, aangebied deur die NG Kruiskerk in Stellenbosch, vind **vanaf 20 - 23 Januarie 2019** by **Bergkroon in Wellington** plaas, met die tema, **#DNA.** **Klik** op die **biljet hieronder,** waar jy ook **kan registreer/inskryf.**

Die **kamp in Pretoria**, word deur die NG Universiteitsoord aangebied, vanaf **21 - 25 Januarie 2019.** **Klik** op die **biljet hieronder,** waar jy ook **kan registreer/inskryf.**

Pukke in Potchefstroom se kamp word vanaf **8 - 11 Januarie 2019** deur die NG PUK Kandelaar aangebied. **Klik** op die **biljet hieronder,** waar jy ook **kan registreer/inskryf.**